

Nomades Roete Terugvoer

Zongororo

Winterval-onder.
17-19 Julie 2015.

Jannes van Ryssen, Marie Wybenga, Amelia Kuhn, Marius Stander; Isabel Baatsen, Anna-Marie Lotter, Wilna Moolman; Jan & Corrie du Preez; Janie Steinmann, Magda Grobler; Nico en Jennifer het die naweek meegemaak. Louis Mitchell het Vrydag en Saterdag saamstap en kuier. Thomas, Hanlie en Sonja daag daar op Vrydagmiddag en stap saam met Nomades.



Sowat 220km vanaf Pretoria op die N4-Oos, deur die R30 Diamondhill, R50 en R75 tolhekke. Verby Waterval Boven, deur die tunnel en verby die ou klip vyf-boog-brug. As jy by Kruger se huis of Elangeni oord kom is jy so 7 km te ver.

Die Ubuntu akkomodasie het 6 Kamertjies met elk 2 stapel-beddens en onverwags lekker, beddegoed ingesluit. Knus en netjies. Itoti en Itete met elk 2 storte, 2 sitplekkies en 2 wasbakke elk. Met warm water.



'n Buite kombuis met eetgery, 'n 3-plaat gasstoof en Isaak bring self vir ons 'n waterwaterketel en eetgerei! Daar is net nie 'n yskas nie. Die 'kombuis' en die kamers het elektriese lig en muurproppe. Sommige het self verwarmers saamgebring! Daar was eindelijk net nie water by die kombuis-wasbak nie en ons moes maar van elders aandra. Maar ons is mos 'stappers'.

Daar word self vir ons 'n los buite-kuier-vuur-staander en genoeg kuier-hout gebring en Isabel stook vir ons die vuur.

Vrydag middag stap 'n paar ons 'n deeltjie van die blou roete wat ons as groep Sondag oggend volledig sal loop en verken die plaas so 'n bietjie.



Saterdag oggend styg ons van sowat 1220 meter by die kamp tot 'n maksimum hoogte van 1500 meter bo seevlak op ons boonste draaipunt op die ongeveer 7 km bruin roete, nie 9 of 12km soos die dokumentasie aangedui het nie. Die roete begin langs die 'ou Koetspad' en werk dan stadig op teen die bult. Ons sien ook die 'zongororo', die yster-trein wat sy draai oor die plaas maak. Deur grasveld en deur stukkie bos, bietjie woudjies en heelwat mooi aalwyne. 'n paar klein stroompies en waterpoeletjies. Mooi!

Dit is Winter en die veld is maar droog.

Die roete is baie duidelik gemerk en Wyd oopgesny of oopgeskoffel. Snelweg. Plek-



plek dalk 'n bietjie styl en regop met potensiele erosie probleme in die toekoms en stap ook moeilik. Die laaste entjie op tot by die plato laat ons goed sweet, maar die afstand is kort en kort nadat ons bo gekom het neem almal 'n welverdiende rus-tydjie. Kruis dan die ou koetspad en begin dan stadig af te werk.

As mens dan terugkyk sien mens die mooi boom-ryke klowe van die aangrensende plaas en die rots-wande daarbo. Dan is op ons die 'Kranspad. Vir 'n hele tydjie loop ons op die kran met mooi vergesigte.



Ongelukkig ook op die N4 snelweg maar dit pla nie te veel nie. Dan die laaste entjie af na die kamp waar ons die middag lekker ontspan en kuier.



Die middag raak dit vroeg koel en die aand nogal koud, maar die lekker vuur hou almal heerlik warm nadat ons weer die gebruikelike vleisie gebraai het.

Sondag oggend begin ons die blou roete van sowat 4.5km+ wat begin by die meer luukse Koinonia groepshuis. Die groep stap om die dam om eers na die hase en varke te gaan kyk. Dan loop ons verby die 'Historical Tea house', waar al vir baie jare nie meer tee bedien word nie. Verby die plaas-baas-sehuis (Elsa en Hennie Venter) en om die damme, dan min of meer teen die rivier langs. By die pad-kruising bietjie getwyfel, die regte pad gekry en aangestap al langs die watervoor tot by die ou staal treinbrug wat nie meer in gebruik is nie en langs dit die huidige meer moderne treinbrug.



Bietjie ontspan langs die oewer van die Elandsrivier en die pad teruggeneem. Dan 'n kort entjie deur die bos geloop. Weereens is die paadjie mooi oopgesny en

geen probleem om die pad te kry nie en dan is ons terug by die kamp. Oral is die bome ook gemerk met nommer en name en hul gebruike. Baie intresant.



Daar is ook meer luukse akkomodasie op die oord met self dubbel-storte en yskaste, soos die Herberg en Jan wintervogel.

Die ou oorspronklike plaashuis is nou die kroeg/kuier area. Baie mooi ingerig. Dit voel letterlik soos 'n museum as mens daar instap. Allerhande ou meubels, eetgerei en snuisterye. Met vooraf reelings kan daar ook ge-eet word. Sien ook www.zongororo.co.za vir besprekings vir die stap en akomodasie en meer inliging.

Projek-finansies:

Inbetalings : 14 stappers : R4270

Uitbetalings aan Zongororo: 11 vir 2 nagte (R2640) en 1 vir 1 nag (R120) in die Ubuntu kamp en 2 persone (R1240) in Jan Wintervogel + besprekingsfooi vir Jacana (R55) = R4055

Charcole en Blits : R105+R15 = R120.00, Projek surplus: R95

Sien jul op 'n volgende stap.

Groete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Nomades Voetslaanclub.

[Www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za)

